JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK EKSAMEN

GRAAD 10

AFRIKAANS HUISTAAL

VRAESTEL 3

NOVEMBER 2103

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 10 NOVEMBER 2013 EKSAMEN
VRAESTEL 3

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (2 X 25 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit Afdeling A en TWEE vrae uit Afdeling B.

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Voer die opdragte, by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Die uiteensetting van jou skryfstukke is baie belangrik. Jy moet elke skryfstuk op 'n NUWE DUBBELBLADSY begin.

   5.1. Doen die beplanning/redigering op die linkerkantste bladsy.

   5.2. Skryf die woorde FINALE PRODUK aan die regterkantste bladsy.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **<u>Kan</u>** só lyk  Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK** Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 300 – 350 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. **Ma is onmoontlik!**

OF

1.2. Musiek in die motor: **Ja of Nee!**

OF

1.3. *'n Storie van geluk en vreugde.*

OF

1.4. **Tieners wat swanger raak.**

OF

1.5. ***Ek sou so graag wou help.***

OF

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL
GRAAD 10 NOVEMBER 2013 EKSAMEN
VRAESTEL 3

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6. 1.



OF

1.6. 2.

OF

1.6. 3.



TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

• Kies TWEE vrae en skryf 180 – 200 woorde oor die onderwerp.

2.1. **Formele brief**

Julle skool het Meneer Jafta, 'n verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parkeraad, genooi om met julle oor die omgewing en natuurbewaring te praat. Hy het julle baie geïnspireer en julle wil hom bedank vir die goeie raad. Skryf 'n formele brief aan Meneer Jafta waarin jy hom bedank vir die raad. 25

OF

2.2. **Huldeblyk**

'n Baie bekende en geliefde leier in julle gemeenskap is oorlede. Hierdie persoon het baie vir julle skool gedoen. Die skoolhoof vra vir jou om tydens sy/haar begrafnis 'n huldeblyk te lewer. Skryf 'n **huldeblyk** vir die persoon. 25

OF

2.3. **Resensie**

Jy is 'n joernalis by 'n tienertydskrif en skryf elke week 'n resensie oor 'n TV-program. Volgende week begin 'n nuwe TV-program wat baie interessant gaan wees. Jy het die program al klaar gesien. Skryf die **resensie** oor hierdie nuwe TV-program. 25

OF

2.4. **Dialoog**

Twee tieners het gesels oor die feit dat grootmense hulle nie verstaan nie. Hulle het nie net gekla nie, maar mekaar ook raad gegee. Skryf hul gesprek in dialoogvorm neer. 25

OF

2.5. **Informele Toespraak**

Dis jou vriend/vriendin se verjaarsdag. Jy word gevra om 'n toespraak op die partytjie namens julle vriendekring te gee. Skryf jou toespraak neer. 25

OF

2.6. **Notule**

Jy is die sekretaris/sekretaresse van julle skool se sportklub en moet 'n vergadering reël om die aktiwiteite van die kwartaal te bespreek. Jy het die volgende kennisgewing en agenda vir die vergadering uitgestuur.

Kennisgewing van 'n vergadering van die sportklub op Woensdag, 14 Januarie 2010 om 18:00 in die skoolsaal.

Agenda

1. Opening
2. Verwelkoming
3. Verskonings
4. Notule van vorige vergadering
5. Sake uit die notule
    5.1 Uitslae van vorige wedstryde
    5.2 Verslag oor vervoerprobleme
6. Nuwe sportklere
7. Projekte om geld in te samel
8. Afsluiting

Skryf nou die **notule** van die vergadering en gebruik die bostaande agenda. 25

TOTAAL AFDELING B: 2 X 25 = 50
VRAESTEL TOTAAL 100